



Aansoekvorm & Kontrak

PERSOONLIKE INLIGTING

Registrasie datum	:	_____
Naam en Van van leerder	:	_____
Geboortedatum	:	_____

VADER / VOOG

Voornaam en Van	:	_____
ID nommer	:	_____
Werkadres	:	_____
	:	_____
Huisadres	:	_____
	:	_____
Telefoonnommer (werk)	:	_____
Telefoonnommer (huis)	:	_____
Telefoonnommer (selfoon)	:	_____
E-pos	:	_____

MOEDER / VOOG

Voornaam en Van	:	_____
ID nommer	:	_____
Werkadres	:	_____
	:	_____
Huisadres	:	_____
	:	_____
Telefoonnommer (werk)	:	_____
Telefoonnommer (huis)	:	_____
Telefoonnommer (selfoon)	:	_____
E-pos	:	_____

MEDIESE INLIGTING

Dr. Naam en Telefoon nommer	:	_____
Allergieë	:	_____
Kroniese siekte	:	_____
Naam van mediesefonds	:	_____
Mediesefonds lidnommer	:	_____
Hooflid: Voorletters en Van	:	_____

INLIGTING TEN OPSIGTE VAN NASKOOLBYWONING

Wie kom u kind afhaal by die Naskool in die middag:

Hoe laat word u kind afgehaal:

Mag u kind self huistoe stap of fitsry? JA / NEE

Persone wat u kind mag kom afhaal by die Naskool? Dui asb. volledig aan watter persone, insluitend uself, mag u kind by die nasorg afhaal. Slegs die persone wat u hieronder spesifiseer (ouers, familie, vriende) sal toegelaat word om u kind saam met hulle te neem vanaf die terrein. 'n Duidelike identifikasie van hierdie persoon moet by hierdie aansoek aangeheg wees asb.

Naam en Van:

Verwantskap:

Telefoonnommer:

1.

1.

1.

2.

2.

2.

3.

3.

3.

4.

4.

4.

Kwartaallikse bevestiging van inligting:

Dit is u as ouer se plig om die Naskool van enige adres- en telefoonverandering, skriftelik in kennis te stel. Die noodsaaklikheid hiervan is om u te kan kontak in geval van enige noodgeval.

BEPALINGS EN VOORWAARDES

Die persoon verantwoordelik vir die betaling van die Naskool:

Lees asb. hierdie bepalings en voorwaardes volledig deur:

Na ondertekening van hierdie aansoekvorm verteenwoordig die bepalings en voorwaardes hierin hervat 'n ooreenkoms tussen u (hierna genoem ouer/voog) en Laerskool Die Arend. (Hierna genoem Naskool). Die Naskool is 'n private inisiatief en word nie gesubsidieer nie.

Hiermee verklaar ek: _____ (Volle naam en van) die ouer/voog

van: _____ in Graad: _____ \ _____ dat die persoonlike inligting soos aangedui in klousule 1, waar en korrek is, en dat ek die gemelde straatadres kies as *domicilium citandi et executandi*.

Ek aanvaar, onderneem en/of neem kennis van die volgende voorwaardes en bepalings van Laerskool Die Arend se Naskool:

1. Ek onderneem hiermee om alles te doen wat nodig is om die Naskool in staat te stel om sy plig, en toesig te hou oor my genoemde kind, behoorlik uit te voer, en om te voldoen aan alle redelike opdragte en of/bevele wat die Naskool van tyd tot tyd t.o.v my kind mag gee.
2. Ek besef dat dit van uiterse belang is dat ek of die genoemde kontakpersoon ten alle tye telefonies beskikbaar moet wees in geval van n noodsituasie en daarom onderneem ek om enige veranderinge in my kontakbesonderhede onmiddelik onder die aandag van die personeel van die Naskool te bring.
3. Ek besef en aanvaar dat in terme van die Wet op Kindersorg 74 van 1983, 'n geneesheer of die hoof of personeel van die Naskool self magtiging mag verleen vir die verskaffing van dringende mediese behandeling of die uitvoering van 'n operasie indien hulle redelike gronde het om te glo dat dit noodsaaklik is om my kind se lewe te red of om my kind van 'n ernstige en blywende liggaamlike letsel of gebrek te red en dat ek aanspreeklik is vir die koste van die behandeling of operasie wat my kind ontvang of ondergaan het, asof ek daartoe opdrag gegee het.
4. Ek aanvaar dat alhoewel alle redelike voorsorgmaatreëls getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind, ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van enige mediese-tandheelkunde- en/of hospitaalrekening wat voortspruit uit 'n besering van my kind wat nie ontstaan het a.g.v. die nalatigheid van die Naskool personeel nie.
5. Ek vrywaar hiermee die Naskool en personeel teen enige eis en/of aanspreeklikheid wat deur enige derdes ingestel mag word as gevolg van die bestaan van hierdie ooreenkoms en wat mag voortspruit uit die besering of dood van 'n persoon of skade of verlies aan eiendom, hoe dit ookal mag ontstaan en wat voortspruit uit die uitoefening van die regte hierin verleen.
6. Ek onderneem om my neer te lê by alle reëls wat van tyd tot tyd deur die Naskool neergelê mag word, welke reëls as deel van hierdie ooreenkoms beskou sal word.
7. Ek aanvaar dat die Naskool nie vir die volgende verantwoordelik gehou sal word nie:
 - 7.1 Indien 'n betrokke leerder op 'n dag nie die Naskool gaan bywoon nie, is dit die ouer se plig om die Naskool telefonies of skriftelik in kennis te stel. Daar kan nie van die Naskool verwag word om die leerder te soek wat nie aangemeld het vir registerkontrole nie. Naskool begin om 13:00 en alle leerders moet aanmeld vir register. Na register mag die leerders vir hulle onderskeie wedstryde, aktiwiteite en oefeninge verdaag.
 - 7.2 Met weg wedstryde moet die leerders die Naskool verwittig of hulle na die wedstryde terugkeer na die Naskool vir die res van die middag. Indien u kind voor 17:00 opdaag by die Naskool sal die Naskoolpersoneel na u kind omsien tot 18:00. Indien u kind na 18:00 opdaag by die skool bly die sportafrigter verantwoordelik vir u kind. Na 18:00 tree die Naskool se boetereëling in werking.
 - 7.3 Kinders wat sonder toestemming van hulle ouer/voog deur vreemde persone anders as die in klousule 2 genoem, buite die skoolterrein opgelaai word, is nie die verantwoordelikheid van die Naskoolpersoneel nie, aangesien alle leerders verplig is om by die personeel ten alle tye te wees.

7.4 Klere wat op die terrein wegraak of gesteel word bly die verantwoordelikheid van die leerder.

7.5 Stuur asb. 'n ekstra stel skryfbehoeftes saam. Die Naskoolpersoneel voorsien geensins skryfbehoeftes aan leerders tydens studieklas nie. U as ouer bly steeds verantwoordelik vir u kind se huiswerk.

8. Ek onderneem om speelgoed en toerusting wat deur my kind met opset beskadig word teen koste te vervang, of binne een week met soortgelyke speelgoed te vervang.
9. Ek aanvaar dat die voltooiing van huiswerkopdragte my en my kind se verantwoordelikheid is.
10. U moet asb. u kind voor of op die bepaalde tyd by die Naskool afhaal. Ons het 'n aftekenstelsel en vra u vriendelike samewerking in hierdie verband. U moet dus self u kind by die klaskamer kom afteken. Geen leerder mag self afteken nie! Die register mag ook nie na u motor geneem word vir aftekening nie!
11. Ek is bewus daarvan dat die Naskool stiptelik om 18:00 sluit en aanvaar dat 'n boete van R50-00 vir die eerste 15 minute of 'n gedeelte van die tyd gevra word. Hierdie bedrag is binne 24 uur betaalbaar by die Naskool of die administratiewe kantoor van die skool. Elke keer wat ek hierdie reël oortree om my kind nie betyds af te haal nie, sal 'n waarskuwing aan my uitgereik word. Na 'n derde waarskuwing sal my kind nie meer toegeaat word om die Naskool by te woon nie.
12. Ek aanvaar dat indien ek en/of my kind 3 skriftelike waarskuwings van die Naskool ontvang het weens ernstige oortredings van neergelegde reëls, ek my kind uit die Naskool sal neem en steeds verantwoordelik gehou sal word vir 1 (een) kennismaand se fooi. Leerders wat minder ernstige oortredings begaan sal mondeling aangespreek word en wanneer die gedrag voortduur sal die leerders 'n skriftelike waarskuwing ontvang.

OUERINLIGTING

1. Naskool duur vanaf 13:00 tot 18:00
2. Ons Naskool se selfoonnommer is 071-562-3800 / (011) 740-9870. U kan enige tyd vanaf 14:00 tot 18:00 met die nasorgpersoneel kontak maak op die selfoon as u 'n reëling wil tref of iets aan hulle wil meedeel.
3. Alle leerders moet vanaf 13:00 by die Naskool aanmeld vir register. Laat leerders asb. eers verskoning maak indien leerders nie die Naskool op 'n gegewe dag sal bywoon nie. Na register geneem is mag leerders verdaag na hulle wedstryde, aktiwiteite en oefeninge vir die middag. Voordat leerders vertrek na weg wedstryde moet die Naskool in kennis gestel word of u kind weer na die wedstryd by die Naskool sal aansluit vir die res van die middag. Indien u kind voor 17:00 terugkeer sal die Naskool na u kind omsien tot 18:00. Indien u kind na 17:30 terugkeer na die skool is die afrigter verantwoordelik vir u kind. Na 18:00 tree die Naskool se boetestelsel in werking. Indien u kind nie opdaag vir register nie aanvaar die Naskoolpersoneel geen verantwoordelikheid vir die leerder nie.
4. Hulpverlening om huiswerkopdragte te voltooi vind in die klaskamer plaas. Die groepe wat nie in die klasse is nie is op die terrein vir vrye spel en ontspanning. Die Naskool voorsien geen skryfbehoeftes in die studieklassie nie. U as ouer en u kind bly verantwoordelik vir elkeen se

huiswerk. Naskoolpersoneel kan net help met wat in die huiswerkboek deur elke leerder aangeteken is.

5. U moet asb. u kind voor of op sluitingstyd (18:00) afteken by die Naskoolklaskamer/speelgrond. U moet asb. u kind **self** afhaal by die klaskamer. Geen leerder mag self uitteken nie. Geen leerder word toestemming verleen om self die skoolterrein te verlaat na 'n persoon wat in die straat vir hulle wag nie. Geen whatsapp mag gestuur word aan personeel om leerder hek toe te stuur nie. Indien u die tyd na 18:00 misbruik sal 'n boete van R50-00 vir die eerste 15 minute gehef word. Na 18:30 sal 'n boete van R100-00 vir elke 15 minute gehef word. Hierdie boete is binne 24 uur betaalbaar anders sal 'n skriftelike waarskuwing uitgereik word. Die waarskuwing moet deur u onderteken word. Na ontvangs van die derde waarskuwing sal u gevra word om u kind uit die Naskool te neem.
6. U kan tuisklere saamstuur indien u sou wou hê dat u kind sy/haar skoolklere uittrek na register. Merk asb. die klere duidelik en stuur 'n sportsak saam waarin die klere gebêre kan word. Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir klere wat verlore of gesteel word nie.
7. Vir enige ernstige of voortdurende oortredings sal 'n waarskuwing uitgereik word, na die derde waarskuwing sal u kind toegang tot die Naskool geweier word.
8. Die koste aan Naskool is in die administratiewe kantore van die skool beskikbaar.
9. Alle gelde is vooruitbetaalbaar. In Januarie betaal u dus vir Januariemaand, en op 1 Februarie vir Februariemaand. Naskool is 'n privaat instansie en word nie gesubsidieer nie. Naskoolgelde moet voor of op die sewende van elke maand betaal wees. Indien nie verbeur u kind sy/haar plek in die Naskool. Aangesien dit 'n jaarfooi is, is die bedrag ook betaalbaar tydens die April, Julie en Oktober vakansie. Alle gelde wat nog op 1 Desember uitstaande is sal aan die prokureurs oorhandig word vir invordering. Die regskoste sal van u verhaal word. Geen leerder word toegelaat vir die volgende jaar as daar gelde uitstaande is nie. Geen aanspreeklikheid vir gelde sal aanvaar word indien u nie die kwitansie kan toon nie. Geen gelde mag deur die Naskoolpersoneel ontvang word nie.

DISSCIPLINE

Goeie orde en dissipline moet deurentyd deur die naskoolpersoneel gehandhaaf word.

1. Algemene reëls wat toegepas word deur die Naskoolpersoneel:
 - a. Alle skoolreëls is van toepassing op die nasorg.
 - b. Die skoolterrein mag onder geen omstandighede verlaat word nie.
 - c. Geen vreemdelinge of maats mag kom kuier nie.
 - d. Toilette is nie 'n speelplek nie.
 - e. Mag nie op die stoepe en klaskamers hardloop nie.
 - f. Geen leerder word toegelaat op die skool se dak nie.
 - g. Geen takke mag van bome afgebreek word nie.
 - h. Geen bome mag geklim word nie.
 - i. Geen afknouery, geterg, gevloek, rompe oplik, rompe aftrek, broeke aftrek, lelike grappe of praatjies sal geduld word nie.
 - j. Alle Rommel op die terrein en in die klaskamer moet opgetel word.

- k. Geen klonte, klippe, stokke of voorwerpe mag gegooi word nie, veral nie na persone en karre in die straat nie.
- l. Geen kougom!
- m. Alle kosbaarhede word op eie risiko na die skool gebring deur kinders en geen verantwoordelikheid word deur die Naskool aanvaar.
- n. Geen eiendom van die skool mag beskadig word nie.

TYE

Naskool se tye is vanaf 13:00 tot 17:00

Gesluit op publieke vakansiedae.



Laerskool Die Arend

Tel: 011 7409870
Faks: 0866857087

Posbus 3081
Dalview
1544



ONDERNEMING

Ek onderneem om die maandelikse fooie soos uiteengesit per kind vir 2019 te vereffen voor of op die 7de van elke maand, gebreke daaraan, kan tot gevolg hê dat my kind die naskoolsentrum geweier kan word. Gelde is betaalbaar in Laerskool Die Arend se rekening.

Ek / Ons bevestig dat bogenoemde gegewens waar & korrek is en dat die voorwaardes en reëls van toelating wat deur ons ontvang is, deeglik gelees het, dit verstaan en aanvaar.

Geteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20 ____.

Handtekening van ouer / voog

Handtekening van prinsipaal

Laerskool Die Arend
FNB (250 542)
Rek Nr: 6229 5855 327
Faks: 083 385 7887
finansies@laerskooldiearend.co.za

- Naskoolgelde is vooruitbetaalbaar. Ek onderneem om 1 (een) kalendermaand vooruit skriftelik kennis te gee indien ek my kind uit die Naskool neem. Ek aanvaar dat ek by versuim om een maand voor die tyd skriftelik kennis te gee, ek aanspreeklik is vir 1 (een) kalendermaand se fooi aan die Naskool. Aangesien dit 'n jaarlikse fooi is, is die fooi betaalbaar tydens die Maart/April, Junie/Julie en Oktober skoolvakansie.
- Ek onderneem om die Naskoolfooi as volg te betaal. (Merk die blok van toepassing)

MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR	KWARTAALIKS VOORUITBETAALBAAR	JAARLIKS VOORUITBETAALBAAR
Ek maak van die volgende betaalmetode gebruik: (Merk die blok van toepassing)		
KONTANT		INTERNET (EFT)
Betaaldatum: _____ Alle kontant moet by die skool se administratiewe kantore inbetaal word. Indien ek in gebreke is met 'n maandelikse betaling, en versuim om sodanige agterstallige bedrag, sowel as enige daaropvolgende verskuldige bedrag binne 'n periode van 30 dae te vereffen, aanvaar ek die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ➤ Dat my kind toegang tot die Naskool geweier kan word, ➤ Dat indien 'n prokureur opdrag gegee word om regstappe teen my te neem vir die invordering van enige verskuldige bedrae, ek alle regskoste in hierdie verband aangegaan, ek op 'n prokureur-kliënt basis sal betaal, insluitend enige invorderingskoste wat regtens gevorder mag word. 		



Laerskool Die Arend

Tel: 011 7409870
Faks: 0866857087

Posbus 3081
Dalview
1544



NASKOOLGEDRAGSKODE

Hiermee verklaar ek _____ (naam van leerder) Graad _____
dat:

1. Ek ten alle tye gedrag sal openbaar wat my 'n trotse Arie maak.
2. Ek verstaan dat ek saam ander leerders in die klas gaan wees wat erns maak met hulle skoolwerk en ek nie daardie kinders van die geleentheid sal ontnem om hulle werk te kan doen nie.
3. Ek dankbaar sal wees vir die kos wat elke dag vir my voorgesit word en ek nie met die kos sal mors nie.
4. Ek betyds by my klas sal aanmeld en nie op die terrein sal rondloop nie.
5. Ek nie die terrein sal verlaat sonder om my Juffrou / Meneer in kennis te stel nie.
6. Ek die badkamers skoon en netjies sal los vir die volgende leerder wat dit wil gebruik.
7. Ek in die naskool is om my huiswerk onder toesig te kan doen. Ek sal die nodige hulp van personeel ontvang sodat ek goeie punte kan behaal.
8. Ek onderwerp my aan die reëls van die naskool en sal dit gehoorsaam. Indien ek dit nie doen nie sal daar teen my opgetree word. Ek verstaan dat as ek my skuldig maak aan ernstige oortredings of herhaaldelike wangedrag ek nie meer in die skool mag wees nie.

Geteken deur leerder

Hiermee verklaar ek _____ (naam van ouer/voog)

1. Ek het die reëls van die naskool aan my kind verduidelik en hy/sy is deeglik bewus van die reëls en die gevolge daarvan indien die reëls nie nagekom word nie.
2. Ek weet dat die naskool om 18:00 sluit. Indien ek my kind laat kom haal sal ek die boete van R100 die volgende maand saam met die maandelikse fooi betaal. Indien dit meer as 3 keer gebeur in 'n betrokke jaar sal my kind nie verder in die naskool toegelaat word nie.
3. Die naskoolfooie is R600 per maand vooruitbetaalbaar. Ek besef dat as ek nie die fooie betaal nie my kind nie vir die volgende maand in die naskool kan wees nie.
4. Ek verstaan dat daar gepoog word om 'n leervriendelike atmosfeer by die naskool te skep. Dit beteken dat elke leerder sy of haar bydra moet lewer tot die ontwikkeling van hierdie kultuur. Alle ouers verwag dat hulle kinders versorg sal word en gehelp sal word met huiswerk en moontlike ekstra hulpverlening met dit waarmee hulle kinders moontlik kan sukkel. Om dit reg te kry moet ouers, personeel en leerders egter saamwerk. Dissipline is 'n voorvereiste vir leer en ongelukkig kan leer net plaasvind in 'n omgewing wat stil, kalm en rustig is.

Geteken deur ouer/voog

Geteken deur Prinsipaal